DEEL 117 | WEEK 45 | 7 NOVEMBER 2025 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Dertien vas na wrede plaasaanval

## *Plaaswerker vermoor, vrou oorleef wrede aanval – gesteelde vee herwin*

Dertien verdagtes is Saterdag, 1 November 2025, in hegtenis geneem nadat 'n plaaswerker in die vroeë oggendure op 'n plaas in die Heilbron-distrik vermoor is en sy vrou ernstig beseer en seksueel aangerand is tydens 'n rooftog en veediefstal.

Volgens kapt. Loraine Earle, polisiewoordvoerder, is die groep — bestaande uit 11 mans en twee vroue — binne ure ná die aanval vasgetrek nadat lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, plaaslike boere en privaat sekuriteitsbeamptes hul kragte saamgesnoer het om die verdagtes op te spoor.

"Daarbenewens is 22 gesteelde skape, 'n vuurwapen, 'n minibus en verskeie huishoudelike items teruggevind," het Earle gesê.

Die verdagtes sal binnekort in die landdroshof op Heilbron verskyn op aanklagte van moord, poging tot moord, verkragting, roof en veediefstal.

Volgens voorlopige inligting het die aanvallers in die vroeë oggendure op die plaas toegeslaan en die plaaswerker aangeval voordat hulle met gesteelde vee gevlug het. Die polisie en plaaslike boere het vinnig gereageer en die verdagtes se voertuig met die gesteelde skape onderskep.

Jakkals le Roux, voorsitter van Vrystaat Landbou (VL) se Landelike Veiligheidskomitee, sê die Heilbron- en Mafube-gebied word tans geteister deur 'n toename in veediefstal en gewelddadige misdade op plase, insluitend huisbrake.

"In nog 'n voorval, ook in die vroeë oggendure van Saterdag, het boere met die hulp van die polisie 'n voertuig met 11 gesteelde skape voorgekeer en verdere arrestasies gemaak," het Le Roux gesê. "Slegs verlede week het boere saam met die polisie weer veediewe vasgetrek."

Hy sê die jongste voorvalle dien as waarskuwing dat misdade op plase aan die toeneem is namate die feesseisoen naderkom. "Die goeie samewerking tussen boere en die polisie is van kardinale belang om sukses te behaal. Ons doen 'n beroep op boere om waaksaam te bly en enige verdagte bewegings onmiddellik aan hul veiligheidsstrukture of die polisie te rapporteer."

Waarnemende provinsiale polisiekommissaris, genl.maj. Solly Lesia, het sy dank uitgespreek teenoor almal wat betrokke was by die vinnige inhegtenisnemings.

"Hierdie sukses is 'n bewys van wat moontlik is wanneer die polisie, boere en gemeenskap saamwerk. Ons sal voortgaan om beslissend op te tree teen enige vorm van geweldsmisdaad," het Lesia gesê.








HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum



Oom Izak Gelderblom, 81 jaar oud, het Vrydag, 31 Oktober, die gelukkige wenner geword van 'n splinternuwe Renault Kwid Climber ter waarde van R222 000 in Engo se jaarlikse "Projek van Hoop". Hierdie opwindende gebeurtenis het plaasgevind by Renault Bloemfontein, waar die projek sy hoogtepunt bereik het in 'n gesellige atmosfeer wat deur borge, finaliste en die gemeenskap ondersteun is.

Die "Projek van Hoop" is 'n inisiatief wat saamgespan word deur Engo, Renault Bloemfontein, Novus Media en Evolve & Advisory. Dit het die doel om fondse in te samel vir die gemeenskapsdienste van Engo, wat omvattende sorg bied aan kinders, jeug, bejaardes, gestremdes en gesinne. Oom Izak, wat in Raymond Mhlabastraat, Bloemfontein woon, het erken dat dit die eerste keer is wat hy ooit 'n motor besit wat kragstuur het.

Oom Izak het sy vreugde uitgespreek: "Ek kan net sê dankie. Vir die Vader sê: dankie. Ek is so bly, ek kan nie glo dit is waar nie!"

Hy het sy kaartjie vir die kompetisie gekoop by ds. Jannie Smith van die NG Kerk De Bloem, wat ook die voorsitter van Engo se beheerraad is. "Ek gaan volgende jaar weer kaartjies koop," het Oom Izak gesê. Hy het vertel dat sy dogter, Ansie, hom dikwels na die winkel en kerk neem, en hy het dit waardeer dat sy altyd gereed is om hom te help.

Die ander vier finaliste was Braam Minnaar van Wesselsbron, Gideon Mostert van Bloemfontein, Ntabeleng Tsimile van Senekal en Bianca Strauss van Vanderkloof. Die gelukkige finaliste het die dag saam met die borge en personeel van Engo en Renault beleef in 'n atmosfeer van opgewondenheid en hoop.

Volgens De Wet Claassens, uitvoerende direkteur van Engo, is elke deelnemer aan die Projek van Hoop 'n wenner. "Die fondse wat ingesamel word, gaan nie net na die motor nie, maar word gebruik om werklike verskil te maak in die lewens van ander mense," het hy gesê.

Ringerstraat Jeugsorgsentrum, wat naas Engo Bemarking die meeste kaartjies verkoop het, het ook hulle dankbaarheid uitgespreek. "Ons wil elkeen wat deelgeneem het, bedank vir hulle ondersteuning," het die sentrum gesê.

Met 6 719 kaartjies wat in die Projek van Hoop vanjaar verkoop is, is die gemeenskap se betrokkenheid 'n bewys van die impak wat die projek het. Engo glo dat ware hoop nie net in groot aksies geleë is nie, maar in elke klein gebaar van gee.

Die "Projek van Hoop" herinner ons dat wanneer ons saamstaan, ons 'n positiewe impak kan hê en die wêreld om ons kan vul met hoop en liefde.

# Mafube municipal workers angered by October pay delays

***Frankfort –*** Workers at the cash-strapped Mafube Local Municipality are upset after the administration failed to pay October salaries on time, leaving many struggling to cover basic needs.

In a memo circulated a prior week, acting municipal manager Jamela Selapyane warned staff that depleting funds would cause delays in payments, but promised to resolve the issue soon. This latest setback adds to over a decade of financial difficulty that crippled service delivery and eroded trust in the ANC-led municipality.

The delay, which hit 31 October when salaries were expected, sparked outrage among employees who say they are tired of empty promises. The Mafube municipality, which covers Frankfort, Villiers, Cornelia, and Tweeling, serves around 57,000 residents, but has long-battled debt and corruption allegations. Officials blame historical underfunding and revenue shortfalls, but critics point to poor leadership and wasteful spending.

In the internal document, Selapyane acknowledged the difficulties but offered no certain payment date. "Management acknowledges the inconvenience this situation may cause and assures employees that every effort is being made to resolve the financial issues… An update will be communicated once the payment date has been confirmed. We sincerely regret the inconvenience and uncertainty this may cause and appreciate your patience and understanding during this difficult period," he wrote.

Many of the workers expressed frustration via unions, saying the memo felt like an insult. One anonymous employee said: "We live payday to payday. How do we feed our families or pay bills? This is not the first time, and nothing changes."

The delay affects hundreds who rely on timely wages in a province where unemployment hovers around 35%.

Mafube's troubles stretch back more than 10 years, with repeated pay delays becoming a norm. In December 2023, payments were late, followed by more in May and June 2025. Workers downed tools in May, protesting outside municipal offices and demanding immediate fixes. The strike halted services like waste collection and water repairs, hitting residents hard.

By early 2025, the municipality owed R14 million to the Municipal Workers' Retirement Fund, sparking legal battles over unpaid pension contributions. This debt led to threats of asset seizures. Revenue collection sits at a low 60%, blamed on billing errors and non-payment by already-struggling residents. Eskom debts have also piled up, leading to power cuts, crippling local businesses.

Corruption probes added fuel to the fire when a controversial contract has been flagged as a key drain, with allegations of irregular spending on tenders. The auditor-general has repeatedly given Mafube unqualified audits with findings pointing to weak internal controls and fruitless expenditure. These issues have not only delayed salaries but also stalled infrastructure projects, leaving roads potholed and communities without reliable water or electricity.

In May, the Johannesburg High Court set aside a R98-million warrant of execution against Mafube related to unpaid pension contributions. The ruling gave Mafube breathing room, preventing immediate asset attachment by creditors. However, it did not solve the underlying debt, which grows continually. Unions like the South African Municipal Workers' Union have pushed for accountability, warning that such rulings are bandaids on a festering wound. "We need real reforms, not court delays," a union rep said. The municipality has committed to settling arrears, but progress is slow amid cash flow woes.

Employees are at breaking point. Many have taken loans or turned to food parcels, with some facing eviction or school exclusions for their children. Protests are brewing, with threats of more shutdowns if payments drag on.

Opposition parties like the Democratic Alliance have escalated the crisis to provincial and national levels. In October, they called for urgent intervention from Free State Premier Maqueen Letsoha-Mathae and National Treasury. They demand forensic audits and possible administration under Section 139 of the Constitution to stabilise finances.

Unions echo this, urging Cogta to step in. "The municipality's funds are depleting, but where is the money going?" a union leader asked. Residents, too, suffer – from uncollected rubbish to burst pipes – amplifying calls for change.

## UIT DIE PEN: Week 45

In 2016 reik die voormalige hoof van die Openbare Beskermer, Thuli Madonsela, 'n riller van 'n verslag uit: State of Capture, noem sy dit. Dit handel daaroor dat die voormalige pres van SA, saam met die Guptafamilie, sy hande in baie pasteitjies gedruk het om die staat te beïnvloed. Hulle was orals: in staat- en private besighede.

Afgetrede Regter Zondo het oor 'n tydperk van 4 jaar sy bes gedoen om al die skelms uit te snuffel. Dit het ons belastingbetalers rondom R1 miljard gekos. Die hele verslag, wat uit ses volumes bestaan het, het gedetailleerde verslae gehad oor korrupsie en wanadministrasie.

Eskom, Transnet, SAL, Denel en Prasa is by die naam genoem. Die Guptas het die pres beïnvloed om sekere aanstellings te maak waardeur hy die Guptas toegang gegee het tot die staatskas. Daar was ook 'n rits ANC amptenare en ministers wat saamgespeel het.

Die Guptas het besluite van staatsentiteite beïnvloed, hulle het die belastingbetalers se geld deur verskeie besighede gefilter. Uiteindelik is die gevolgtrekking gemaak dat die Valke en die NVG (Nasionale Vervolgingsgesag) nie opgetree het om die korrupsie te stop nie.

Die Guptas is nog nie vervolg nie, want dié het die landuit gevlug. Suid-Afrika het probeer (ek weet nie hòè hard nie) om hulle uitgelewer te kry vanuit die VAE, maar blykbaar probeer hulle nogsteeds.

Die vorige pres is nog geensins vervolg nie. Die NVG is genoop om die direktoraat vir ondersoeke te begin om spesifiek die bevindings van Zondo te ondersoek. Verder het Zondo ook aanbeveel dat daar 'n permanente teenkorrupsie-eenheid gestig moet word, wat geensins deur politiek beïnvloed mag word nie.

Dan het die Madlangakommissie onlangs tot stand gekom. Hierdie kommissie is formeel in Julie 2025 in die staatskoerant geproklameer. Alles as gevolg van plofbare verklarings vanaf Nhlanhla Mkhwanazi, die provinsiale kommissaris van die SAPD in KZN. Volgens hom is daar kriminele sindikate, wat dwelmhandelaars insluit, wat SAPD, metropolisie, die NVG, Staatssekuriteite, Korrektiewe dienste en die regstelsel geïnfiltreer het, en dit onbehoorlik beïnvloed.

Die ondersoek het amptelik in die middel van September 2025 begin.

Die afgelope week of twee het ons die name van Brown Mogotsi en Vusimusi "Cat" Matlala gehoor. Albei die persone word daarvan beskuldig dat hulle omkoopgeld betaal het en die SAPD onbehoorlik beïnvloed het. Maar dit is nie al nie! Hierdie persone word ook geïmpliseer in georganiseerde misdaad, politieke inmenging, tenderbedrog, huurmoorde en ander sinistere goeters betrek. Verder is daar melding gemaak van die "Groot Vyf"-sindikaat, afkomstig uit Gauteng. Hulle is glo betrokke by dwelmsmokkelary, tenderbedrog en huurmoorde.

Daar is WhatsApp-boodskappe, fotos en getuies wat jou kop laat draai.

Sover weet ons nog nie wat dit die belastingbetaler gaan kos nie, maar ek glo ons gaan weer hoes.

Soos in die geval van Zondo, kan die kommissie nie aankla nie. Hulle kan slegs aanbevelings vir aanklagte maak. En soos ons nou al met Zondo agtergekom het, baar dit telkens 'n muis.

Ek wonder hoekom dit in sommige gevalle so maklik is om iemand te vervolg, en in ander gevalle neem dit jare. Of selfs dekades. Die kommissies het klaar hulle ondersoeke gedoen en klaar al die bewysstukke ontvang. Maar die vervolgingsowerhede neem hulle tyd. Om nog olie op Madlanga se ondersoek te gooi, het die parlement ook met 'n soorgelyke ondersoek begin. Ian Cameron gee gereeld terugvoer oor die ad hoc komitee. Die getuienis wat by Madlanga en die ad hoc komitee gelewer word, laat jou hare rys.

Het ons nie genoeg geleer tydens die staatskapingsjare nie? 'n Mens sou dink ons sou nou al bedag gewees het op die maniere waarop korrupsie gepleeg word.

Om alles te kroon, hoor ons nou ook van die watermafia, en die konstruksiemafia en nog baie ander mafias wat die Italianers op hulle neuse sal laat kyk. Op baie vlakke openbaar die getuienisse by die komitees net juis dit wat ons almal vermoed het. Dalk net nie op daardie groot skaal nie.

Maar nou het die publiek die bewyse. Die vervolgingsgesag het die getuienis gehoor. Dit is in koerante gepubliseer en word wêreldwyd versprei. En steeds is daar geen bewyse van vervolging nie. Ek vermoed dat die volgende kommissie oor geweld op die Kaapse vlakte gaan handel. Dit gaan bevestig wat ons weet: dat daar bendes is wat veg om hulle houvas oor die omgewing. Dalk gaan die kommissie die name en identiteit van die bendebase hê, maar dit gaan moontlik soos Zondo en dalk ook Madlanga, in publikasie aan die vervolgingsgesag oorhandig word, net om iewers stof op te gaar.

Ek wonder hoekom ons as belastingbetalers hierdie goed toelaat. Ons betaal immers vir hierdie ondersoeke, en dan kry ons dadels daarvoor.

Ek wens elke persoon wat korrup wil wees, se ore moet brand. Dit slaan my asem weg dat mense dink dat hulle daarmee gaan wegkom, maar as ons na die geskiedenis kyk, lyk dit asof die korruptes elke keer wegkom. Ek wens ook dat elke persoon wie se naam genoem is, en teen wie daar bewyse ingesamel is, vervolg moet word. En dat daar sommer groot gewag sal gemaak word van daardie persoon se straf.

Maar ek wens seker nou vir die onmoontlike.

Dalk kyk ons vir die volgende paar jaar nogsteeds na die eierdans by Madlanga. Hulle gee ons ten minste iets om ons koppe oor te skud. En af en toe oor te giggel. Op ons eie rekening.

# Frankfort in skok ná wrede moord op bejaarde vrou

*'n 71-jarige se liggaam is met koperdrade vasgebind gevind — geen arrestasies nog gemaak nie.*

Die gemeenskap van Frankfort is diep geskok ná die wrede moord op 'n 71-jarige vrou, Judie van Heerden, wat Donderdagaand 27 Oktober 2025 dood in haar woonstel by die Sonkring-woonstelle aangetref is.

Volgens die polisie is beamptes omstreeks 18:50 na die toneel ontbied nadat 'n vriend op Van Heerden se liggaam in die sitkamer afgekom het. Sy is met haar gesig na onder op die grond gevind, met haar hande en voete vasgebind met koperdrade en 'n kabel om haar nek. Daar was sigbare bloed op haar kop en klere, en haar handsak, beursie en rybewys is langs haar gevind.

Forensiese ondersoekers van Bethlehem is ontbied om die toneel te ondersoek, waarna haar liggaam na die Sasolburg-lykshuis geneem is vir 'n nadoodse ondersoek. Volgens polisiewoordvoerder, sers. Josephine Rani, het Van Heerden verskeie beserings aan haar bolyf opgedoen. Die motief vir die moord is nog onbekend, en niemand is tot dusver in hegtenis geneem nie.

Van Heerden se suster, Adrie Kruger (66), glo haar oorlede suster het waarskynlik haar moordenaar geken. "Sy het waarskynlik vir die persoon die deur oopgemaak," sê sy. Kruger vertel sy het nog Woensdagoggend met haar gesels, en is dié aand omstreeks agtuur deur hul broer, Willie Venter (61), gebel met die nuus van die tragedie.

Die drie sibbe is almal gebore en getoë in Frankfort. "Ons boer almal hier. Net Judie het nie geboer nie," vertel Kruger. Sy beskryf haar suster as 'n vrolike, eksentrieke mens wat van kleur gehou het en altyd anders as ander aangetrek het.

Van Heerden het voor haar aftrede by Chem 2000, 'n groothandelaar in chemiese en farmaseutiese produkte, gewerk. Ná haar aftrede het sy sowat vier jaar gelede weer in Frankfort kom woon, die dorp waar sy grootgeword het.

Die polisie doen 'n beroep op enigeen met inligting om speursersant Zandisile Tshoko by 061 597 0321 te kontak, of om anoniem 'n wenk te gee via die Stop Misdaad-nommer 08600 10111 of die MySAPS-app.

Die ondersoek duur voort.



# Huppel Trippelaars dink dat die rook draai

Die saamkuier-onderwerp was:
**Vasvra met 'n kinkel.**

Daar was 9 kategorieë; en in elke kategorie was ń prys op die spel. Onderaan is daar 'n aanduiding van die tipe vrae wat ter sprake was. Almal kon heerlik saamlag en sommer net mekaar se raaiskote geniet. Op 18 November is die onderwerp 'n nostalgiese **Met watter speelgoed het jy as kind gespeel?** Hopelik 'leef' 'n paar van hierdie speelgoed nog; en dan kan ons mekaar op dié manier beter leer ken. Elkeen wat kan vereenselwig met die nostalgiese onthou, is welkom om te kom saamkuier.

**Vasvra met 'n kinkel –**
**H T – Oktober 2025-11-05**
**Kategorieë:**
**Agterstevoor**
- Sê die volgende sin regom
- toe dorp voet te gaan Ek
**Ek gaan te voet dorp toe**
- middernag na lank reeds is Dit
**Dit is reeds lank na middernag**
- afspraak tandarts jou is laat Hoe
**Hoe laat is jou tandarts afspraak?**

**Logika**
- Noem 3 gebruike van strooi
**Strooihoed, Baal, Strooi Saad, Strooi Praat**
- Wat styg, maar daal nooit nie? **Ouderdom**
- Wat het damme, mere en riviere; maar geen water nie? **Padkaart**
- Jy hardloop atletiek en gaan by die 2de atleet verby. Watter posisie is jy? **Tweede**
- Hoeveel maande van die jaar het 28 dae? **Twaalf**
- Adam het twee en Eva het een. Wat is dit? **A's**
- Hoeveel kolletjies is daar op 'n Dobbelsteen? **21**
- 'n Boer het 20 skape, 10 varke en 10 koeie. Kom ons noem die varke koeie. Hoeveel koeie het die boer? **10 (Noem 'n vark 'n koei – hy bly 'n vark)**
- Wat het baie woorde; maar kan nie praat nie? **Woordeboek**
- Hoe weet jy dat 'n jaar 'n skrikkeljaar is? **Kan deur 4 deel**
- 'n Rooi huis word met rooi bakstene gebou. 'n Bruin huis met bruin bakstene. 'n Geel huis met geel bakstene. Waarmee word 'n kweekhuis gebou? **Glas of plastiek**
- Jou ouers het 6 seuns, jou ingesluit. Elke seun het 'n suster. Hoeveel mense is in die gesin? **9**
- Jy is vasgekeer in 'n vertrek met 3 deure – 'n rooi, geel en blou deur. Agter die rooi deur is 'n put vol dodelike giftige slange. Agter die blou deur is 'n geweldige vuur wat jou onmiddellik sal doodbrand. Agter die geel deur is 'n tenk vol witdoodshaaie wat 6 maande laas geëet het. By watter deur sal jy uitgaan? **Geel – haaie is dood as hulle 6 maande laas geët het**
- Watter 3 woorde word die meeste in die wêreld gebruik? **Ek weet nie**

**RAAISELS**
- Ek kom uit 'n eier. Ek is koud as jy aan my vat. Ek het nie bene nie. Ek kan jou byt. Wat is ek? **Slang**
- Wat is die kleur van wolke? En die kleur van sneeu? En die kleur van die helder volmaan? En die kleur van Jogurt? Wat drink 'n koei? **Water**
- Sit my regop en ek is alles. Sny my middeldeur en ek is niks. Wat is ek? **8**
- Gooi die buitekant weg. maak die binnekant gaar. eet die buitekant. gooi die binnekant weg.
Wat is dit? **Groenmielie**

**BYBELKENNIS**
- Wie in die Bybel was baie lief vir Lensiesop? **Esau**
- Watter gebrek het Moses gehad? **Gehakkel**

# Church conference

The Hatoha Mose Mosadi Women's Conference, held on 25 October 2025 at the Restoration Church, 76 Wright Street, Heilbron, brought together around 180 women for a day of healing and empowerment.

Centred on Jeremiah 17:14 in Sesotho — "Mandlunkulu we Sibaya, Mosadi o hantle?" ("Woman, are you well?") — the event opened with the reminder that many women appear fine on the outside while silently battling inner pain.

Keynote speakers included Me. Lerato Mokoenene, who encouraged women to pursue business opportunities independently rather than waiting for government support, and Me. Mathwala Omhle, who spoke on rebuilding life after divorce and overcoming shame.

Main speaker Pastor M. Ndlovu from Lesotho preached about "the garment" — referencing Joseph's story to show how truth prevails even when falsely accused.

Event organizer Pastor N.E. Motsoane shared her personal story of overcoming childhood trauma, leading to a moving moment of prayer where many women broke down and found comfort in faith. She emphasized the need for more such gatherings, saying true healing comes only through Jesus.

In closing, Pastor Motsoane called on local business owners to support her vision of uplifting women, announcing plans to make the conference an annual event.



*In the photo, Pastor N.E. Motsoane*

## 31-Year-old man arrested for possession of suspected drugs

On Thursday, 30 October 2025, at about 13:30, the Sasolburg Public Order Police were policing the Mafube precinct when they received information about a male selling drugs at the Informal Settlement near a certain primary school.

Upon arrival at the place, the members found the suspect in possession of 30 zip-lock bags containing substances suspected to be crystal meth, and cash was confiscated.

The suspect is expected to appear before the Mafube Magistrate's Court soon on charges of possession of suspected drugs.




VAKATURE: JUNIOR PERSONEEL & BOEDELKLERK

**Verantwoordelikhede: Junior Personeel**
- Data vaslegging
- Prosessering van date en rekonsiliasies
- Opstel van Finansiële state
- Indien van belastingopgawes
- Oudit van Finansiële state

**Verantwoordelikhede: Boedelklerk**
- Administrasie van boedels

**Vaardighede sal voorkeur geniet:**
- MS Office (Excel Word)
- Rekenaarvaardighede
- Rekeningkunde en Wiskunde agtergrond
- Goeie menseverhouding en kommunikasie
- Afrikaanssprekend

P & V

Suksesvolle aanstellings sal opleiding ontvang waar nodig.

Aansoeke sluit 20 November 2025

CA(SA)

VAKATURE
OK MINIMARK HEILBRON

Daar is tans 'n senior pos beskikbaar in ons deli.

Persone wat beskik oor die volgende eienskappe en ervaring kan aansoek doen.

1. Ervaring in deli bestuur
2. Liefde vir kosmaak
3. Ervaring van kosmaak op hierdie vlak
4. Goeie personeel bestuur kan toepas
5. Rekenaarvaardig
6. Goeie kliëntediens kan lewer.

'n Mededingende salaris en aangename werksomstandighede word gebied.

**Stuur CV na:**
admin7@okbultfontein.co.za
Of handig direk in by OK Minimark gemerk vir Jan du Toit.
**Aansoeke sluit 17 November 2025.**

# Louise Snyman Rekenmeesters bederf leerders met heerlike ysies

Tydens Hoërskool Heilbron se onlangse pretstap het Louise Snyman Rekenmeesters vir 'n verfrissende verrassing gesorg — elke leerder is met 'n heerlike roomys ysie bederf!

Die ysies, wat by Natasha van der Westhuizen aangekoop is, het groot glimlagte en selfs kleurryke tonge tot gevolg gehad.

Die skool en leerders bedank graag Louise Snyman Rekenmeesters vir hierdie koel bederf wat die dag ekstra spesiaal gemaak het.

Vir enige bestellings kan Natasha van der Westhuizen gekontak word by 072 450 8670.



*Op die foto agter vl: Natasha van der Westhuizen, Louise Snyman, Linda Strydom, Naomie Burmeister. Voor: Cherie Grant en Leatitia Mocke.*





# Nuwe era vir tegnologie-onderrig: Robotika- en kuberveiligheidslaboratoriums open by Sasolburg Kollege

SASOLBURG — 'n Groot stap vorentoe vir tegniese onderrig is geneem met die amptelike bekendstelling van die nuwe 4IR Sentrum van Uitnemendheid by Flavius Mareka TVET Kollege in Sasolburg op Dinsdag, 29 Oktober 2025.

Die sentrum, wat onder meer 'n moderne robotika- en kuberveiligheidslaboratoriums insluit, is daarop gemik om studente toe te rus met die digitale vaardighede wat in die vinnig veranderende beroepswêreld benodig word.

Die Adjunkminister van Hoër Onderwys en Opleiding, Dr. Nomusa Dube-Ncube, het die sentrum amptelik geopen, en is verwelkom deur die waarnemende uitvoerende burgemeester van Fezile Dabi Distriksmunisipaliteit, Raadslid Stone Makhema. Hy is vergesel deur die raadvoorsitter, Me. Njokweni, die waarnemende streeksbestuurder vir Gauteng en die Vrystaat TVET-kolleges, Mnr. Mashele, en die hoof van Flavius Mareka TVET Kollege, Mnr. Nkonyane.

Dr. Dube-Ncube se besoek aan die Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit vorm deel van 'n groter inisiatief om tegniese en beroepsgerigte kolleges (TVET's) landwyd te herposisioneer as sentrums van digitale innovasie en navorsing.

Flavius Mareka TVET Kollege is een van tien kolleges landwyd wat deur die Onderwys-, Opleidings- en Ontwikkelingspraktyke Sektor-Opleidingsowerheid (ETDP SETA) vir hierdie vlagskipprojek gekies is. Die doel is om Suid-Afrika se vaardigheidsontwikkelingsisteem te versterk en jongmense beter voor te berei vir die digitale ekonomie.

Volgens die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding toon die stigting van hierdie 4IR Sentrums van Uitnemendheid die regering se verbintenis om TVET-kolleges te omskep in instellings wat aktief inspeel op die behoeftes van nywerheid, tegnologie en die breër samelewing.




# Klein kindertjies wat op 'n ouer se skoot sit terwyl hulle bestuur

## *Met spesifieke klem op die gevaar van lugsakke én die risiko's vir ander padgebruikers*

Klein kinders op 'n skoot tydens bestuur: 'n Dodelike risiko vir almal op die pad.

Dis 'n toneel wat mens te dikwels op Suid-Afrikaanse paaie sien: 'n klein kindjie wat op sy of haar ma se skoot voor in die motor sit — soms selfs agter die stuurwiel. Al lyk dit dalk vertroostend of gemaklik, hou dit lewensgevaarlike risiko's in — nie net vir die kind nie, maar ook vir die ouer én vir ander padgebruikers.

Die lugsak: 'n stille gevaar. Lugsakke (airbags) is ontwerp om volwassenes te beskerm in 'n ongeluk, maar hulle kan 'n kind ernstig beseer of selfs doodmaak.

'n Lugsak ontplof binne 25-50 millisekondes teen spoed tot 300 km/h

As 'n kind op 'n volwassene se skoot sit en daar is 'n botsing, sal die kind, tussen die volwassene en die lugsak vasgedruk word.

Selfs by lae spoed (bv. 30–40 km/h), kan 'n lugsak dodelike trauma aanrig aan 'n kind se liggaam wat nie daarvoor gebou is nie

'n Volwassene kan nie 'n kind teen hierdie krag vashou nie — dis fisies onmoontlik om hulle te beskerm teen die impak van 'n botsing én 'n lugsak wat ontplof.

**Gevare vir ander padgebruikers**

Wanneer 'n kind voor sit — of selfs agter die stuurwiel op 'n volwassene se skoot — raak dit nie net hul eie veiligheid nie, maar verhoog dit risiko's vir almal op die pad:

**1. Beperkte beheer van die motor**

'n Kind op jou skoot kan jou arms blokkeer, stuurmanipulasie beïnvloed en jou aandag aflei

Selfs net 'n kind wat aan die stuurwiel raak of die ratkas druk, kan genoeg wees om beheer te verloor

**2. Afleiding**

Ouers fokus nie heeltemal op die pad as 'n kind beweeg, huil of iets in hul gesig druk nie.

Dit verhoog die risiko van foute — soos om 'n verkeerslig te ignoreer of nie betyds te rem nie.

**3. Sekondêre botsings**

In 'n ongeluk waar jy beheer verloor weens afleiding of beperking, kan jy ander voertuie tref.

Dit kan onskuldige padgebruikers beseer of hul voertuie ernstig beskadig.

**Wat sê die wet?**

**Volgens Suid-Afrikaanse wetgewing:**

Kinders onder 3 jaar moet in goedgekeurde kindermotorstoeltjies wees. Geen kind mag sonder 'n veiligheidsgordel vervoer word nie.

Die voorsitplek met lugsak is nie geskik vir kinders onder 12 of kleiner as 1.5 m nie.

Dit is onwettig en strafbaar om 'n kind op jou skoot te vervoer terwyl jy bestuur.

Oortreders kan beboet word en in ernstige gevalle selfs aangekla word van roekelose bestuur of kinderverwaarlosing.

**Wat is die veilige alternatief?**

Gebruik altyd 'n kindersitplek van geboorte af tot ongeveer 10–12 jaar, afhangend van lengte en gewig.

**Installeer sitplekke korrek:**

Volgens vervaardiger se riglyne, en altyd met gordels.

Laat kinders agter sit, dis bewys tot 43% veiliger.

Leer hulle van jongs af dat veiligheid altyd eerste kom.

Moenie ooit bestuur met 'n kind op jou skoot nie, maak nie saak hoe kort die rit is nie.

Geen ouer wil ooit in 'n situasie wees waar hulle spyt het oor 'n besluit wat hul kind se lewe in gevaar gestel het nie. Al is dit soms 'n stryd om 'n kind in 'n stoeltjie vas te maak, of al huil hulle omdat hulle nie voor mag sit nie — hul veiligheid moet altyd bo gemaklikheid kom.

'n Kind op jou skoot agter die stuur is nie net 'n gevaar vir julle nie — dit stel ander mense op die pad aan risiko bloot. Moenie wag tot 'n tragedie nie — maak veiligheid vandag 'n prioriteit.



# KENNISGEWINGS

**FREE STATE GAMBLING, LIQUOR AND TOURISM ACT, 2010**

Notice is hereby given that Leon Wynand Freeman intends to lodge an application on 7 November 2025, particulars of which appear hereunder, with the relevant authority

**Municipality:** Metsimaholo

**Full names, street and postal address of applicant and identity no. or registration no:**
Freeman, Leon Wynand
121 Smit Street, Fairland
342 Stilbaai N Road, Peninsula Estate, Oranjeville
121 Smit Street, Fairland, 2030
ID 771212 5253 081

**Kind of registration applied for:**
Accommodation Establishment Registration Certificate

**Kind of product to be sold/manufactured:**
All kinds of liquor

**Name under which business is to be conducted and full address of premises:**
Freeman Manor - Peninsula, Portion 342 (of 307 of the farm Vaaldam Settlement 1777 distrik Heilbron)

**Name of, nature of and distance to institutions of learning, similar registered premises and places of worship:** None

**FORM FSLA2**
**Notice of intention to apply in terms of section 27 read with section 31 for registration**

Any person may, within 21 days from 7 November 2025 (date of publication in Provincial Gazette) lodge in terms of section 33 of the Free State Gambling and Liquor Act, 2010 an objection in writing to the Free State Gambling and Liquor Authority (address set out hereunder). The objection must clearly indicate the full names, identity number, residential address, postal address and telephone number, if any, and where applicable, its registration number and address of its office, of the objector. The objection must also identify the application to which it relates. The application may be inspected at the offices of the offices of the Authority during their office hours.
**The address of the relevant Office of the Liquor Authority is:**
**Fezile Dabi, Sanlam Building, c/of Hefer and Maree Streets, Parys, 9585.**

Place: Bloemfontein
Signature of applicant or person authorized to sign application: JM BURGER
Date: 23 October 2025

Die Heilbron Herald se laaste uitgawe (Kersuitgawe) is **DV 12 Desember 2025** en die eerste uitgawe vir 2026 **9 Januarie 2026.**
















**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald kontak gerus vir
*Antonio Pienaar*
by die
**Heilbron Herald**
**058 852 3033 of**
**heraldnuus@heilbron.co.za**




**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**




# SMALLS
# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**
**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**
POSTNET HEILBRON

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.

Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30 | Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za





# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

HERALD *Sport*

# Reitz Hengelklub kompetisie





*Thys Labuschagne*



*Marinus Mostert*



*Bertus du Preez wat die kompetisie gewen het met 41 vis en met 'n gewig van 42,030 kg.*

Op Saterdag, 1 November 2025 het Reitz Hengelklub 'n kompetisie gehad by Groot Gewaagd pan vanaf 07:00 tot 17:00 en 22 hengelaars het deelgeneem en 442 vis is gevang met 'n gewig van 447,36 kg.

Die algehele wenner vir die dag was Bertus du Preez wat 41 visse gevang het.

Thys Labuschagne het die grootste volskub karp van 3,600kg gevang.

Marinus Mostert het die grootste Gewone karp van 1,610 kg gevang.

Bertus du Preez het die swaarste sak vis van 42,030 kg gevang.






# Kom stap saam!

Heilbron Eiendomme nooi oud en jonk, ouers en kinders, vriende en hul hondevriende uit na ons 5 km pretstap, môre, 8 November om 07:30 by die gholfklub. Dis die begin van 'n maandelikse tradisie vol gees en samesyn. Daar wag lekker musiek, 'n waterpunt langs die roete en koffie en ontbyt wat te koop sal wees ná die tyd vir die honger drawwers en stappers. Kom geniet 'n oggend van kuier en gemeenskapsgees saam met ons – sien uit om jou daar te hê!











BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 10 NOVEMBER 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

STANDERTON AANLYN SPEENKALF VEILING
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

**DINSDAG - 11 NOVEMBER 2025**

DELMAS: OPEN RANGE BEEFMASTERS 11:00, plaas Puntstaan
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

**WOENSDAG - 12 NOVEMBER 2025**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

**DONDERDAG - 13 NOVEMBER 2025**

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**VRYDAG -14 NOVEMBER 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Vetvee veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

**WINKELURE**

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National